

Kenmerke van die ware lidmaat – liefde

Twee Griekse woorde vir liefde kom in ons Skrifgedeelte voor, *fileo* (“hou van”/“baie omgee”) en *agape* (“totale liefde”/“omvattende liefde”). Let op hoe Jesus en Petrus hierdie woorde gebruik.

Die eerste keer vra Jesus vir Petrus of hy Hom lief het met ’n omvattende liefde (*agape*) (vers 15). Dit is Jesus se reg om hierdie liefde te vra, want aan die kruis het Hy sulke totale liefde gegee. Nou, na sy opstanding, vra Hy dit ook van Petrus. Hy vra ook of Petrus Hom “meer” liefhet as die ander dissipels. Hierin lê ’n toets vir Petrus. Die ou Petrus sou dadelik selfversekerd bevestig het dat sy liefde vir Jesus die heel grootste en die heel beste is. Maar juis hierdie selfversekerdheid, hierdie vertroue op die eie ek, het op verloëning uitgeloop, tot drie keer toe! Hoe staan dit nou met Petrus? Is hy nog dieselfde? Nee, Petrus gee ’n antwoord waaruit alle selfverheffing verdwyn het: “U weet dat ek baie vir U omgee.” Hier word die woord *fileo* gebruik.

Al vra Jesus nie die tweede keer of Petrus se liefde meer is as die ander dissipels s’n nie, vra Hy (vers 16) nogtans steeds na omvattende liefde: “Het jy my lief?” Hier word die woord *agape* gebruik. Maar ook hierdie keer waag Petrus nie om sy liefde met groot woorde te beskryf nie: “U weet dat ek baie vir U omgee.” Weer antwoord Hy met *fileo*.

Die derde keer vra Jesus of Petrus darem vir Hom omgee (*fileo*) (vers 17). Só is Jesus; Hy bly altyd vra na liefde. Al is dit minder liefde as wat Hy verwag, dit is LIEFDE wat Hy soek. Dit is hierdie sagmoedigheid van die Here wat Petrus diep ontroer: “Here, U weet alles, U weet dat ek baie vir u omgee.” Weer *fileo*. Sulke liefde, al is dit nie volmaakte liefde nie, is bruikbare liefde. Jesus gebruik Petrus in die versorging van sy kerk.

Die Here sien nie neer op jou liefde vir Hom nie. Al is dit net ’n bietjie liefde, as dit met nederigheid versier is wil Hy dit gebruik.

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)